“Hoop aan die werk”
Viering van die HOOP Projek, 11 April 2012,
Konservatorium, Universiteit Stellenbosch (US)
**Toespraak deur prof H Russel Botman,**
**rektor en visekanselier van die US**

Goeienaand, dames en here.

Vanaand is ’n besonderse geleentheid. Terwyl ek nou na die vertoning gekyk het, het ek sit en dink oor inspirasie – hoe mens ’n nasie geïnspireer kan kry, hoe ’n mens ’n gemeenskap geïnspireer kan kry.

Toe ons aan die beplan was vir die bekendstelling van die HOOP Projek in 2010, het dit ons bekommer dat ons met die Wêreldbekersokker sou moes meeding -- totdat ons besef het dat dié sportgeleentheid inderwaarheid wonderlik aansluit by dit wat ons wou bereik.

Dus het ons onsself die tyd gegun om die Wêreldbekertoernooi te kyk – en om te luister hoe R Kelly die temalied sing. Die lied is “Sign of a victory”, en dit bevat die volgende woorde:

> *“I see the light at the end of the tunnel …*
> *that’s the sign of a victory”*

Dis hoe ek vanaand voel, en ek hoop julle voel almal so saam met my. Ons het die lig gesien van oorwinning oor hongerte en armoede, oor swak bestuur en die skending van menseregte en menswaardigheid, oor geweld en onveiligheid, oor omgewingsvernietiging en ekonomiese stagnasie.

Óns toernooi is natuurlik nog aan die gang – die eerste wedstryd is nog nie eens verby nie – maar ons het binne ’n kort tydjie ’n ordentlike paar doele aangeteken, en dít op die taaiste terrein denkbaar. Dus, aan al ons doelskoppers: Knap gedaan!

Ons moet nooit die inspirasie van 2010 vergeet nie. Dít is wat daardie temalied vir ons beteken. Wanneer ’n mens in ’n tonnel is, voel dit asof die donkerte alles verswelg. Maar as jy na die einde van die tonnel kyk, kan jy die lig daar sien, en dit is al ’n teken van oorwinning.

U Eksellensies (verteenwoordigers van buitelandse regerings), mnr Conrad Sidego (burgemeester van Stellenbosch), dr Paul Cluver (uittredende Voorsitter van die Universiteitsraad), mnr George Steyn (inkomende Voorsitter), me Anina Botha (Studenteraadsvoorsitter), Raadslede, trustees, lede van die bestuur, dekane, kollegas, vriende, dames en here: U sal onthou dat ek, met my inhuldiging vyf jaar gelede, op 11 April 2007, vir u gesê het ek wil graag ’n gesprek op kampus losmaak oor hoop. Ek het gevra dat die Universiteit wanhoop en valse hoop beveg deur al sy wetenskaplikheid te neem en dit op die ontwikkelingsagenda van ons land en vasteland en wêreld toe te spits.

. Ons moes vra hoe die wetenskap aangewend kan word om reg te stel wat verkeerd geloop het.

. Om van sukses na beduidendheid te beweeg, is ’n baie groot stap vir enige instelling soos die Universiteit, wat groot is en moeilik om te reoriënteer.

Ons moes nog dieper vrae vra, soos hoe ons kan verseker dat ons relevant is, en dat dit mense saam met wie ons werk, ons geloofwaardig vind. Dit was die moeilikste deel – om te wys ons is relevant en akademies sterk, maar op so ’n manier dat mense, wanneer hulle na ons kyk, kan sien hoe die integriteit van die wetenskap hulle wêreld ten goede verander.

Ek dink ons het hierin goed gevaar.

Ons het die gesprek oor die US verander. En ons het dit vermag deur op ons kernfunksies te fokus – onderrig en leer, navorsing, en gemeenskapsinteraksie. Ons het vir baie mense daardie lig aan die einde van die tonnel laat opgaan. Hulle weet dit is die teken van oorwinning.

Ons hoef nie maar die toestande wat ons rondom ons sien, te aanvaar nie. As ons verby hulle kyk, lê daar geleenthede wat nuwe oplossings soek, wat ons die toekoms in sal neem en ons sterk Universiteit nog sterker sal maak.

En dis nie net ons wat so dink nie. Twee weke gelede het die Universiteit ’n goue Prism-toekenning van Prisa (die Suider-Afrikaanse instituut vir openbare betrekkinge) ontvang. Dit was op grond van die meer as 50 populêre artikels wat ons akademici verlede jaar in ’n breë spektrum koerante en tydskrifte publiseer het. Ons denkers het na vore getree as denkleiers in ons land. En hulle help om Stellenbosch op die voorgrond te hou – om die regte redes.

Dit is my trots dat ek ’n Visekanselier is wat leiding aan hierdie land se denkleiers gee. Dit is aan die insette van die mense van hierdie instelling te danke dat ons nou in ’n gans ander liga speel.

Ons het verlede jaar drie wêreldranglyste kort na mekaar gehaal – QS (Quacquarelli Symonds) en *Times Higher Education* ranglyste, en die Leiden-ranglys. Oorkoepelend gesproke beklee ons nou die tweede plek in Afrika, maar wat navorsing betref, is ons die kontinent se heel voorste universiteit. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het pas bevestig dat ons – soos in die vorige ronde – die hoogste geweegde navorsingsuitset per voltyds-ekwivalente akademiese personeellid van alle Suid-Afrikaanse universiteite gelewer het. Stellenbosch is die plek waar die beste talent sal wil wees, eenvoudig omdat ons op die regte manier op ons kernfunksies fokus.

Die US bou al ’n hele ruk aan ’n omvangryke netwerk internasionale akademiese medewerkers. Ons het ooreenkomste met ongeveer 200 buitelandse universiteite. In Afrika alleen het ons 122 aktiewe samewerkingsprojekte in 36 lande aan die gang. Verder is ons betrokke by 132 instellings in Afrika en 363 medewerkers uit Afrika.

Een van die eerste mylpale van die HOOP Projek in 2010 was ons belegging in PANGeA (Vennootskap vir Afrika se Volgende Generasie Akademici). Die netwerk bestaan uit die universiteite van Botswana, Dar es Salaam, Makerere, Malawi, Nairobi en Stellenbosch. Ons het kragte saamgesnoer om nuwe lewe in akademieskap op ons kontinent te blaas.

Dames en here, verlede in Desember jaar het *The Economist* ’n spesiale verslag getiteld “Africa rising” gepubliseer. Daarin sê hulle dat Afrika, ná dekades van stadige groei, werklik die vooruitsig het om in Asië se voetspore te volg.

Die storie se subopskrif was baie interessant. In plaas van die “donker kontinent” noem *The Economist* Afrika die “hoopvolle kontinent”. Hoe kon hulle dít sê? Is Afrika dan nie steeds ’n sukkelende, ontwikkelende kontinent nie?

Ja, dis waar. Maar wat óók waar is, is dat die mense van Afrika self besig is om iets daaraan te doen. Van Addis-Abeba tot in Kaapstad, van Nairobi tot in Lagos werk regerings en streeksliggame en nie-regeringsorganisasies – en universiteite – saam om ontwikkelingsuitdagings te takel. As visepresident van die AAU (vereniging van Afrika-universiteite) neem ek hierdie energie oral op ons kontinent waar.

Dit is met trots dat ek kan sê die US is deur die HOOP Projek ’n vennoot in hierdie golf van verandering. Ons dra by tot tersaaklike kennis uit Afrika wat hierdie eeu die Afrika-eeu gaan maak. Deur met ander toonaangewende Afrika-universiteite saam te werk, verstewig ons ons posisie as die voorkeur-kennisinstelling in Afrika.

Buiten PANGeA het ons ook saam met vyf ander Afrika-universiteite, en met die ondersteuning van die Open Society Foundation van Switserland en die Europese Unie, die TRECCAfrica-konsortium vir aanpassing by klimaatsverandering gesluit.

En ons vorm deel van die Periperi U-vennootskap van tien uitgesoekte Afrika-universiteite, wat daarop gemik is om volhoubare vaardighede in die bestuur van ramp-risiko's te bou. Hierdie vennootskap ontvang aansienlike skenkersteun van USAID (die Amerikaanse agentskap vir internasionale ontwikkeling).

Dit alles is op een ding gemik: om hoop aan die werk te kry vir die miljarde mense van ons kontinent. Die mense van Afrika werk saam om oplossings uit Afrika se kry vir die uitdagings wat Afrika in die gesig staar – en ons doen ons deel deur 'n sentrum van uitnemendheid in Afrika te wees.

Aan die begin van my eerste dienstermyn het ek gesê dat dit is waarna ons *streef*. Nou, teen die begin van my tweede termyn, *is* Afrika volledig deel van ons nuwe identiteit. En die US het deel van die DNS van hoër onderwys op ons kontinent geraak.

Dames en here, dít is hoop aan die werk… en niks daarvan sou moontlik gewees het sonder die steun van ons ondersteuners nie – die vriende en vennote en skenkers van die Universiteit.

Dit is met groot dankbaarheid dat ek vanaand kan aankondig dat die Universiteit sedert April 2007 net minder as R2 miljard se skenkings, toewysings, navorsingskontrakte en borgskappe ontvang het. Dit beteken die HOOP Projek is ongetwyfeld die grootste hoëronderwys-befondsingsveldtog ooit in Afrika.

Dat ons hierdie doelwit bereik het, ondanks die heersende klimaat van 'n globale ekonomiese afswaai en krimpende staatsteun vir hoër onderwys wêreldwyd, is merkwaardig. Dit getuig van die krag wat daar in hoop opgesluit lê – dat ons die buitengewone kan bereik deur verder as die doodgewone te mik. Dit wys dat die menslike gees sterker is as die ergste teëstand waarvoor ons te staan kan kom.

Dus, aan al ons ondersteuners: 'n miljard dankies – of maak dit twee!

Dankie aan die Raad van die Universiteit. Die Raad het my geleer wat beleggersvertroue eintlik beteken. Ons het deur moeilike en lang gesprekke gegaan voordat die Raad besluit het om 'n eerste belegging te maak. Maar toe dit eers plaasgevind het, het dit beleggersvertroue op allerlei plekke ontketen. Ek wil graag dankie sê aan ons Voorsitter, dr Paul Cluver vir sy steun, en dié van sy vrou, Songvei, en hul familie.

Dankie ook aan die Stellenbosch Trust. Hulle het 'n ander soort uitdaging gehad. Die Trust moes ons help om die kapasiteit te bou om die nodige resultate te lewer. Ons kon die heel beste span in ons land, op ons vasteland saamstel in ons Afdeling Institusionele Bevordering. Dankie vir die Trust wat dit vir ons moontlik gemaak het.

Dankie aan die Stellenbosch University SA Foundation in die Verenigde Koninkryk en die Friends of the University of Stellenbosch Foundation in die Verenigde State.

Dankie aan die Suid-Afrikaanse regering. Die Raad se belegging het ons in staat gestel om na die regering toe te gaan en vir hulle te sê: "Ons vra julle nie vir geld nie; ons gaan julle geld as hefboom gebruik om ander te bekom." Dit het die aard van die gesprek verander.

Dankie aan die groot internasionale liefdadigheidstigtings. Dankie aan nasionale korporatiewe skenkers.

Dankie aan alle individue wat skenkings gemaak het. ’n Rekordgetal van 14 mense het meer as R1 miljoen elk geskenk; maar in die afgelope twee jaar alleen was daar altesaam 2 464 individuele skenkers – óók ’n rekordgetal, wat beteken dat elke skenking tel, ongeag die bedrag.

Een van ons gereelde jaarlikse skenkers het vanaand met ’n koevert en haar tjek hier ingestap. Sy is een van daardie mense wat sê dis vir die Universiteit dié. Sy het op die koevert geskryf gee dit vir prof Russel Botman en sê vir hom dit is vir die HOOP Projek, en ek sal aanhou gee. Dit is sulke donasies, konstant oor tyd heen, wat ons dosente, navorsers, studente en steundienspersoneellede inspireer.

Baie dankie aan almal wat erflatings gemaak en belowe het aan die Universiteit.

En dankie aan ons alumni vir hul voortgesette ondersteuning. Die beste universiteite van die toekoms gaan deur hul alumni ondersteun word. Ons het hard gewerk om ons verhoudinge te bou met ons alumni en om hulle ingelig te hou oor wat ons regtig doen, sodat daar nie wanindrukke bestaan nie.

Ons alumni het ons baie goed gesteun in veral een gebied. Hulle het gesê ons gee vir julle geld om mense te help wat benadeel is in die lewe. Alumni is geneig om in ’n baie belangrike behoefte te vervul, en dit is om finansieel behoeftige studente dieselfde geleenthede te bied as wat hulle gehad het. Baie van hulle redeneer soos volg: toe ek begin het, was my ouers arm; hulle kon dit nie bekostig om my universiteit toe te stuur nie. Ek het ingekom danksy ’n beurs, dalk van die Helpmekaarfonds of iets soortgelyks. Ek onthou dit, en nou wil ek terugploeg. Ek wil jongmense wat nou is waar ek toe was, help. Verlede jaar het 40% van ons studente beurse gekry, en baie van die fondse hiervoor het van alumni af gekom.

Ek hoop u verstaan dit gaan nie net oor die geld nie, dit gaan oor ’n belegging in die toekoms. Ons almal moet bou aan ’n gemeenskap, aan ’n land, aan leiers, aan die entrepreneurs van die toekoms. Ek kan nie volledig verwoord hoe belangrik die investering wat u gemaak het, is nie. Al wat ek kan sê, aan al ons ondersteuners, is: Twee miljard dankies!

Dames en here, soos aan die begin gesê het: Ons het wel al ’n ordentlike paar doele tot dusver aangeteken, maar die eindfluitjie het nog nie geblaas nie. Die toernooi is nog aan die gang. Wanneer ek op my eerste dienstermyn terugkyk, is ek dankbaar vir die steun wat ons tot op hierdie punt gebring het. Maar as ’n mens op reuse se skouers staan, gee dit jou ook ’n goeie uitsig op die uitdagings wat nog voorlê.

In my volgende termyn sal ons die uitdagings van die 21ste eeu trompop moet loop – en die uitdaging van volhoubaarheid gaan ’n kwantumsprong in ons denke verg.

Ek wil nou verteenwoordigers van ons studentekorps vra om by my op die verhoog aan te sluit, want die toekoms waaroor ons praat, behoort aan hulle. Dit gaan wêreldwyd ernstige inspanning in die 21ste eeu verg om die skade te herstel wat in die 20ste eeu aangerig is. Energiebesparing, watersekerheid en klimaatsverandering – al hierdie kwessies gaan ons beste akademici en navorsers se aandag verg.

Die kwantum-uitdaging wat ons in die gesig staar, het ook te make met die verdere ontwikkeling van die Universiteit. In die 21ste eeu is ’n student nie meer bereid om net aan te gaan met die lewe soos wat dit was nie. Hulle vra vir ons: Wat doen die Universiteit vir volhoubaarheid; wat doen julle om die Universiteit se elektrisiteitsverbruik te verlaag?

Hulle vra die vrae van die toekoms. Hulle vra vrae wat saak maak vir die hoop van die volgende generasie. Hulle bring die kwantum-uitdagings na ons toe.

Ons geboue sal 21ste-eeuse leeromgewings moet word, en meer volhoubaar moet wees. Ons bly in ʼn klein dorpie, en ons is die groot gebruiker van energie hier. Ons moet Stellenbosch ʼn groener plek maak. Ons koolstofvoetspoor sal kleiner moet word. Die aantal motors sal moet verminder; meer mense sal te voet en op fietse moet rondbeweeg.

Mense by die Universiteit is so ernstig hieroor dat hulle besluit het om my parkeerplek op te veil vir ʼn maand, en ek moet presies doen wat almal doen wat nie meer in die kern van die universiteit parkeer nie – gebruikmaak van die pendeldiens; en ek sal moet leer om op ʼn fiets te klim, en om meer te loop. Ek sal self moet beleef wat ons in ons eie gemeenskap wil doen; ervaar hoe dit ten beste bestuur kan word, en daaruit leer.

Hopelik sal Stellenbosch op dié manier bekend raak as nie net die dorp met WiFi nie, maar ook die dorp waar groen die nuwe maroen is.

Ek het eintlik ʼn plan in my kop en dit is om die burgermeeste te vra of ons nie sy parkeerplek ook kan kry nie. Ons werk lekker saam met die burgermeester, ons vergader elke maand oor hierdie vraagstukke. Ons weet ons het ʼn verantwoordelikheid teenoor die dorp en sy inwoners, en ons weet dat die mense wat ons nog altyd ondersteun het, ons sal aanhou steun, want hulle glo daarin om in ʼn beter toekoms te belê.

Ons sal voortgaan om baie sterk vennootskappe te bou met ondernemings in ons dorp, ons land en die wêreld; ondernemings wat volhoubaarheid ook deel van hulle waardes en identiteit gemaak het, deel van hulle handelsmerk. Volhoubaarheid sal deel van óns handelsmerk raak, en ons sal sterker bande smee met ander wat dieselfde handelsmerk het.

Ons gaan hoop aan die werk kry – dit belowe ons. Dit is die nalatenskap wat ons vir die toekoms wil opbou. En deur ons te help om ons nuwe multimiljardrand-kwantumuitdaging die hoof te bied, kan ons vriende en ondersteuners saam met ons aan so ʼn nalatenskap van hoop bou.

Ter afsluiting, dames en here, wil ek graag ʼn reël uit die Engelse digter Alfred Tennyson se *Ulysses* aan u voorhou. Die karakter wat aan die woord is, kom dikwels in literêre werke voor sedert Homeros, die groot Griekse epiese digter uit die antieke era, sy *Odussee* geskryf het. In die 20ste eeu het die Ierse skrywer James Joyce ook ʼn roman met die titel *Ulysses* geskryf, maar Tennyson se gelyknamige gedig het al vroeër verskyn.

In die laaste afdeling van hierdie epiese gedig roep die onkeerbare Ulysses sy matrose op om nog ʼn groot reis te onderneem, om wéér "tot anderkant die sonsondergang" te vaar. Ek wil met sy wekroep afsluit:

"Kom, vriende, dit is nie te laat om ʼn nuwer wêreld te gaan soek nie."

Dankie!